

# Versekering: Die vrae wat jy moet vra

Maak seker wat presies jy met die premie koop

Nico van Gijzen



Raad met jou rande

“Onthou jy nog dié fliek,” vra ek so ingedagte vir my vrou toe DStv ’n voorskou wys van die fliek *Maid in Manhattan*.

Met Jennifer Lopez, voeg ek by. “Ek wonder of haar boude nog verseker is,” kom die antwoord. Ek sal kan sweer, sonder dat sy eens van die woordspelletjie waarmee sy besig was opgekyk het. Dit het so ’n kort rukkige geneem vir die gewaarwording om sigself in my kop tuis te maak. Mans kyk. Vroue onthou. Ek is darem nie net ’n man nie, ek is ook ’n finansiële beplanner, met die gevolg dat vrae om die versekering van ’n glansagterstewe my gedagtes begin roer het. En ek besef dalk moet ek dit met lesers deel.

My vrae is juis daardie vrae wat jy moet vra voordat jy versekering koop. Maar ek wou eers die boude-kwessies ondersoek. En het myself, soos seker te verwagte, tot die “Universiteit van Google” gewend.

Daar lees ek Lopez se sitvlak is verseker vir R404 600 000. Een “gesaghebbende” tydskrif beweer selfs dit is vir R667 240 000 verseker.

Sy is ook nie al een nie. Kylie Minogue het haar agterstewe verseker vir ’n skamele R71 400 000. Dolly Parton het haar borste vir R9 532 000 (dalk het ouderdom ’n beperking op die versekerde bedrag gehad) verseker. Julia Roberts het haar glimlag vir R476 600 000 verseker.

Of nie een van hulle het sulke versekering nie, want daar is ontkenings.

Maar sê nou dis waar? En soos my vrou haar kleinkinders geleer het, “sê nou is ’n lekker sê, want alles wat jy wil hê, kan jy kry, as jy net ‘sê nou’ sê”.

En my vrae? En die vrae wat lesers moet vra voordat hulle versekering koop?

## Wat word verseker?

Neem nou maar ’n paar boude, hoe esteeties afgerond en wêreldberoemd ook. Waar presies begin dit en waar eindig dit? Dit is belangrik, want jy kan tog nie

as die versekerde persoon sy of haar beenspier seermaak R400 miljoen moet uitbetaal nie.

En wie gaan kyk en neem die mates?

Daar moet ’n duidelike omskrywing wees van wat presies verseker word.

As dit jou lewe is? Is dit jou lewe, ongeag die oorsaak, of is dit jou lewe net sou jy in ’n ongeluk of van onnatuurlike oorsake sterf?

Is dit teen ongeskiktheid? Is dit totale ongeskiktheid of gedeeltelike ongeskiktheid? Is die uitbetaling tydelik of lewenslank?

Is dit teen ’n gevreesde siekte? Weet jy presies teen watter siektes? En hoeveel word betaal vir watter siekte?

## Teen wat word jy verseker?

Dood is seker. Niemand gaan daarteen kan stry nie.

Maar wat van ’n agterstewe wat op ’n dag nie meer so ferm is nie? Wat sê die fynskrif? Laat dit toe vir ’n rimpel of twee? Of dalk drie?

Op grond waarvan gaan dit beoordeel word?

En Roberts se glimlag? Wat as haar man haar die dag so boos maak dat haar glimlag verdwyn?

Is dit haar vermoë om te kan glimlag wat verseker word of moet dit ’n blywendde glimlag wees? Een wat spreek van vreugde of net die vermoë om haar mond te kan trek in ’n glimlag.

En wat sal die gevolg wees as sy, soos skynbaar die gebruik daar in en om Hollywood is, besluit om die tydrimpels met Botox aan te val? Is die glimlag dan nog verseker?

Lees die fynskrif in jou poliskontrak.

R404 miljoen



## Let op jou polispremies

Voordat jy ’n polisaansoekvorm onderteken, maak seker jy verstaan jou premie.

Die bekostigbaarheid van ’n premie nou sê niks oor wat kan kom nie. En wat kan kom, kan alles waarvoor jy beplan het met die polis in die war stuur.

Hier is ’n paar tipiese polispremiepatrone:

**Lewenslank gelykblywend:** Dit is mynsiens die beste en sekerste premiepatroon. Ongelukkig ook die duurste. Maar net aan die begin.

Vir jongmense is hierdie loshande die beste premiepatroon, want die versekering is goedkoop.

Maar, en hier is die groot maar, kyk na die termyn van die “lewenslange” premie-waarborg. Sommige is net vir vyf jaar, ander vir langer, tot selfs 99 jaar.

**Premie wat styg met inflasie:** Hierdie tipe premie styg jaarliks met inflasie of daar naby. ’n Jaarliks styging van 5% is tipies.

Die premie begin teen ’n laer tarief, maar styg jaarliks.

Dit kan werk vir ouer mense. En ’n inflasie styging van 5% is nie so erg nie; ’n mens se inkomste styg darem ook.

**Ouderdomsverwante styging:** Die premie styg jaarliks en is gegrond op jou ouderdom. Dit begin nóg laer, maar styg jaarliks meer (byvoorbeeld 8%).

**Pasop hiervoor:** Pasop veral as die premiestyging ouderdom plus genoemde inflasie styging is.

Jy kan reken op byvoorbeeld ’n styging van 13% per jaar.

Mense neem ’n termynpolis om byvoorbeeld skuld te dek.

Pasop vir daardie tipe polis, vir skuld, gewoonlik, waar die versekerde bedrag oor tyd afneem, maar die premie nie.

Amper soos om ’n paar borste of ’n agterstewe te dek terwyl dit nog ’n bemerkbare waarde het, maar waarde verloor soos die ouderdom sy houe uitdeel.

## Onderskrywing

Ek los hierdie een vir laaste, maar dit is ’n baie belangrike element van versekering.

Ek weet nie hoe die versekeraars (as die anatomiese versekeringsstories waar is) hul onderskrywing toepas nie. Anders gestel, wie gaan meet en pas en voel om seker te maak die versekerde onderdeel is in ’n goeie toestand?

Maar vir ons normale mense beteken dit mediese onderhoude en ondersoek sodat die versekeraar sy risiko kan bepaal.

Waarteen jy gerus kan waak, is versekering wat jy koop sonder bewys van gesondheid.

My advies is om maar liever die onderskrywing te laat doen by die begin stadium, wanneer die polis uitgeneem word, eerder as wanneer dit moet uitbetaal.

■ Nico van Gijzen, ’n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en is ’n lid van Fisa en die FPI. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan nico@finlac.com

Nog raad